# OosieNUUS

ONS OOSIE WÊRELD

**41/2025** **27 November 2025**


## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Oosie-ouers, voogde en leerders

Met die einde van die skooljaar hier en die eksamen agter die rug, is dit tyd om die laaste paar los drade vas te maak. Ons glo en vertrou dat alles glad sal verloop en ons die jaar mooi sal afsluit.

Hierdie is ons laaste nuusbrief vir die jaar, en u sal sien dat ons ŉ paar van ons permanente personeel en ŉ aflospersoneellid, me L Galetti groet. Dit is nooit maklik om mense te groet wat deel van die Oosie-familie geword het nie. Dankie vir alles wat julle vir Oos-Moot beteken het en vir die positiewe verskil wat julle in ons leerders se lewens gemaak het. Ons wens hul net die beste toe vir die nuwe avonture wat voorlê .

Ons wil ouers vriendelik daaraan herinner dat skoolfonds steeds ’n belangrike deel van ons skool se werking is. As daar nog uitstaande fondse is, kom tref asseblief ’n reëling indien ŉ betaling ŉ probleem is. Dit help ons om vir ons kinders die beste moontlike ondersteuning en geleenthede te bied.

Dit is ŉ unieke, kreatiewe bundel waarin ons leerders se vele talente uitgestal word. Hierdie jaar se uitgawe spog met ’n splinternuwe baadjie én formaat. Die buiteblad is ekstra spesiaal want dit is eg Oos-Moot!. Ons is opgewonde om hierdie kreatiewe versameling met ons Oosie-gemeenskap te deel en saam ons leerders se talent, inspirasie en passie te vier.

Ek sluit graag die jaar af met ŉ dankie aan al ons ouers en veral ons borge vir hul ondersteuning deur die jaar. Ons sien met opgewondenheid uit na die ingebruikneming van ons opgegradeerde gimnasium wat ons leerders se sportontwikkeling nog verder gaan versterk. Dit is moontlik gemaak deur die Oosie-Bond en ons beheerliggaam. Dankie aan elke ouer wat tyd opgeoffer het om met die werk te kom help.

Ons wens al ons ouers, voogde en leerders ’n geseënde Christusfees toe. Mag hierdie feestyd vir julle gevul wees met vrede, liefde en kosbare tye saam met geliefdes. Ons vertrou dat 2026 vir elke Oosie-gesin ’n voorspoedige, vreugdevolle en seënryke jaar sal wees. Dankie vir ’n wonderlike 2025. Ons waardeer elke oomblik van ondersteuning en saamstaan. Geniet die welverdiende ruskans en kom terug vol nuwe moed en energie vir die jaar wat voorlê!

Oosie-groete

**Me S Theron (HOOF)**

## 2025 INLIGTING

### BELANGRIKE DATUM

8 Desember : Afhaal van rapporte en jaarblaaie.

### ONS GROET

Ons neem vandag afskeid van 'n aantal personeellede wat ander posisies aanvaar het. Ons waardeer hul toewyding en harde werk gedurende hul tyd in Oosie-land en wens hul slegs die beste toe in hul nuwe werksomgewing. Dankie dat ons 'n stukkie van jul lewenspad saam met jul kon stap!


Me H Botha


Mnr M du Preez


Mnr B le Roux


Me M Gillies


Me M du Preez


Mej C Louw


Me S vd Wetering


Mnr H Louw


Me T Hemmens

### SKOOL SLUIT 2025 EN HEROPEN 2026

Skole sluit 2025 : 10 Desember
Skole heropen 2026 : 12 Januarie 2026 (personeel)
: 14 Januarie (leerders)

### RAPPORTE EN JAARBLAAIE

Leerders kan hul rapporte en jaarblaaie by hul voogonderwysers afhaal.

Datum : 8 Desember
Tyd : 08:00 tot 10:00
Plek : Voogklas

*Let wel*:

- *Uitstaande handboeke moet eers ingehandig word voor rapporte by die voogklas afgehaal word.*
- *Die graad 12-leerders ontvang hul jaarblaaie saam met hul uitslae in 2026.*

Leerders wat nie op bogenoemde datum hul rapporte kom haal nie sal dit op 14 en 15 Januarie 2026 by die skool se ontvangs kan afhaal.

### OOSIE-INK BUNDEL

**Oosie-Ink is hier!** Hierdie kreatiewe bundel gee ons leerders die kans om hul talente te wys, of dit nou kuns, fotografie, gedigte, briewe of enige ander vorm van kreatiwiteit is.

### OOSIE WINKEL SLUIT EN OPEN

Die skool se klerewinkel sluit en open soos volg:
Sluit : 12 Desember 2025
Heropen : 12 Januarie 2026

### PVM NUTRITIONAL SCIENCES EN OOS-MOOT

**Bestelling van PVM produkte**

**Bestellings**

- Voltooi die aangehegte **nuwe bestelvorm**.
- Stuur die voltooide vorm per e-pos na: **pieterses@oos-moot.co.za**

**Besteldatums**

- 17 – 21 November
- 1 – 5 Desember

**Aflewerings**

- Aflewering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.
- U sal 'n e-pos ontvang met die dag en tyd waarop u, u bestelling by die skool kan kom afhaal.

PVM **Bestelvorm (elektronies)**

### PASTEIBESTELLINGS

U kan die laaste pasteibestelling vir 2025 **NOU** plaas. Aflewering geskied op die dag wat leerders rapporte by die skool afhaal (8 Desember).

Pasteie word teen R220 per boks (dosyn) verkoop, met 9 vulsels om van te kies.

**Pasteie - bestelvorm/inligting )**

## 2026 INLIGTING

### SKOOLFONDS 2026

| SKOOLGELD 2026<br>GRAAD 8 TOT 12 (per leerder) | |
|---|---|
| **OPSIE 1: JAARLIKS** | **OPSIE 2: MAANDELIKS** |
| R 41 112<br>(eenmalig) | **Graad 8 tot 11**<br>R3 426 x 12<br>1 Januarie tot 1 Desember |
| | **Graad 12**<br>R4 111.20 x 10<br>1 Januarie – 31 Oktober |

| | |
|---|---|
| | Let wel: Spesifieke gevalle sal in ag geneem word waar gr.12-skoolgeld oor 12 maande betaalbaar is met die nodige goedkeuring van die Finansiële Komitee |

## AKADEMIE

### Wolkskool 2026

In die eerste twee weke na die heropening van die skole in Januarie 2026, sal leerders gewys word hoe die Wolkskool/Google Classroom-platform werk.

Gedurende hierdie tyd sal hulle onder toesig kortliks hul selfone in die klas mag gebruik, sodat almal vertroud raak met die stelsel.

### ATKV toespraakonderwerpe

Die ATKV is terug met splinternuwe toespraakonderwerpe vir 2026!

Die 2026-onderwerpe is uit, en leerders kan sommer nou al begin beplan, dink en oefen. Trek daai woordskoene aan en spring weg!

| Afrikaans Huistaal | |
|---|---|
| Graad 8 en 9 | Graad 10 tot 12 |
| Onkruid | Risiko |
| Tendens | Polemiek |
| Mentor | Naskrif |

### Public Speaking (*Prepared speeches* 2026)

Public Speaking 2026 tema is bekend!
Die tema vir die *Prepared speeches* kompetisie en klaspraatjies in 2026 is "IDIOME".

Leerders kies self 'n idioom en moet 'n argumenterende praatjie voorberei waarin hulle verduidelik of hulle saamstem met die idioom of nie. Ons sien daarna uit om almal se kreatiewe, slim en insiggewende standpunte te hoor.

### Skryfbehoeftelyste 2026 (gr.8 tot 12)

Vir ouers wat al wil begin dink aan skryfbehoeftes vir 2026, is die lyste vir elke graad in die **Aanhangsel** aangeheg. Let asseblief daarop dat daar deur die loop van 2026 nog items versoek kan word.

### Handboekuitreikings 2026 (Gr8 tot 12)

Elke Oos-Moot leerder ontvang tussen R2 500 – R3 000 se handboeke gratis en op 'n uitleenbasis.

Die leerders ontvang hul handboeke, per graad, op onderskeidelik die volgende datums:

| Datum | Graad |
|---|---|
| 12 Januarie | 8 |
| 13 Januarie | 12, 11 |
| 14 Januarie | 9 en 10 |

**12 Januarie handboekuitreiking**

Die graad 8-leerders se handboeke word uitgereik.

**13 Januarie handboekuitreikings**

Die prosedure vir die GRAAD 12 en 11 handboekdag is soos volg.

| Graad 12 | |
|---|---|
| Voogklasse: | Tyd: |
| A & B & C | 08:00-08:30 |
| D & E & F | 08:30-09:00 |
| G & H & I | 09:00-09:30 |
| J | 09:30-09:50 |
| **Graad 11** | |
| Voogklasse: | Tyd: |
| A & B | 12:10-12:30 |
| C & D | 12:30-12:50 |
| E & F | 12:50-13:10 |
| G & H | 13:10-13:30 |
| I & J | 13:30-13:50 |

**14 Januarie handboekuitreikings**

Die graad 9- en 10-leerders ontvang hul handboeke deur die loop van die skooldag.

**Algemeen**

- Indien die leerder sy/haar tydgleuf misgeloop het, kan sy/hy om 14:00 aanmeld.
- Indien 'n graad 12-leerder uitstedig is, sal sy/haar boeke veilig gebêre word. Op 14 Januarie sal hierdie leerders geleentheid gegee word om hul handboeke by die handboekstoor af te haal.

**Uitstaande/Verlore 2025 handboeke**

- Leerders wat nog 2025 handboeke of gelde vir verlore handboeke verskuldig is, sal nog nie handboeke vir 2026 kan ontvang nie. Die databasisstelsel blokkeer die leerder. Handel asseblief alle 2025 handboekverpligtinge af.

- Verlore handboeke: Betaal R250 (Gr.8/9) of R275 (Gr.10-12) by die finansiële kantoor en bring die kwitansie na boekstoor.

**Voorskrifte vir die versorging van handboeke**

Ons herinner elke Oosie weer aan die volgende voorskrifte vir die versorging van ons skoolhandboeke.

| | |
|---|---|
| A | GEEN kleefplastiek (decifix) of insteek plastiekslopies (book covers) word toegelaat op Oos-Moot handboeke nie. Leerders is welkom om dit te gebruik vir hul skrifte en skooldagboek. |
| B | Nuwe handboeke of handboeke waarvan die plastiek al verslete is moet asseblief oorgetrek word met 'n rol plastiek (ten minste 80 micron) en goeie kleefband. |

| | |
|---|---|
| C | Die hoeke van handboeke se buiteblaaie moet asseblief aan die binnekante versterk word met karton driehoekies (gebruik sommer afvalkarton soos bv. 'n papboksie). |
| D | Die gebruik van voorgeskrewe skooltasse met versterkte afskortings is noodsaaklik vir die beskerming van ons skoolhandboeke. |

## SKOOLDRAG EN VOORKOMS 2026

**Belangrike herinnering:**

- Ons vra vriendelik dat leerders nie hul hare gedurende die skoolvakansie sal kleur of strepies laat insit nie. Dit geld vir seuns én dogters**.**
- Leerders moet ook nie hul hare volgens die nuutste modegiere sny nie (bv. seuns se **"*mushroom-styl*" –** hare super kort onder met baie volume bo).
- Geen kort rompe.
- 'n Voorkomsinspeksie vind op die eerste dag van elke nuwe kwartaal plaas, en ons vra dat elke Oosie se voorkoms en skooldrag netjies en volgens die skoolreëls sal wees.

## LEERDERDAGBOEK EN AKTIWITIETE 2026

Die leerders ontvang aan die begin van die skooljaar 'n GRATIS skooldagboek. Hierdie dagboek moet elke dag by die skool wees.

Die voorlopige skooldagboek vir 2026 is nou op die skool se webwerf beskikbaar.
Leerders kan reeds kennis neem van die beplande aktiwiteite en belangrike datums.

## GRAADVOOGDE 2026

Afwesighede en die uitteken van leerders word deur graadvoogde hanteer. Hul stuur ook belangrike kommunikasie via Whatsapp na ouers.

**GRAAD 8 - Me M Grove**
m.grove@oos-moot.co.za of 079 208 4632

**GRAAD 9 - Me J Botha**
j.botha@oos-moot.co.za of 079 207 4415

**GRAAD 10: Me N Pfeil**
n.pfeil@oos-moot.co.za of 066 416 6252

**GRAAD 11: Me Z de Klerk**
z.deklerk@oos-moot.co.za of 064 884 6059

**GRAAD 12**: **Me T Ferreira**
t.ferreira@oos-moot.co.za of 079 207 0022

## SLUITKASTE ("LOCKERS")

Sluitkasbesprekings en -betalings vir 2026 open in Januarie 2026. Die senior leerders kry die eerste geleentheid om hul sluitkaste te bespreek.

Die volgende sluitkaste is beskikbaar:

| Tipe sluitkas | Koste (R) |
|---|---|
| • Gewone sluitkaste (handboeke, skrifte, ens.) | R180 |
| • Sportsluitkaste (sporttoerusting) | R220 |
| • IGO-sluitkaste (slegs IGO-leerders graad 10 to 12) | R220 |

Betaling

- Geen EFT-betaling word gedoen nie.
- Leerders kan kontant of per kaart betaling doen by die personeellid aangedui.
- Leerder bespreek volgens graad, op die datum hieronder genoem, die spesifieke sluitkas by die personeellid aangedui.

Besprekings

Besprekingsdatums is gedurende skoolure en sal soos volg geskied:

| Graad | Datum | Personeellid |
|---|---|---|
| 12 | 14 / 15 Januarie | Me Edwards (K75) |
| 11 | 20 / 21 Januarie | Me Edwards (K75) |
| 10 | 22 / 23 Januarie | Me Edwards (K75) |
| 9 | 27 / 28 Januarie | Me A de Villiers (T10C) |
| 8 | 29 / 30 Januarie | Me A de Villiers (T10C) |

## GRAAD 8: BEKENDSTELLINGSDAG 12 JANUARIE

Die Matriekraad (MR) sien daarna uit om jou in Oosie-land te verwelkom!

*Leerders kom met privaatklere en moet asseblief hul skooltas saambring aangesien hul handboeke ook uitgereik word.*

**Program vir die dag**

| | | |
|---|---|---|
| 08:00 | : | Graad 8's ontmoet MR |
| 09:00 – 11:00 | : | Aktiwiteite |
| 11:00 – 11:30 | : | Pouse |
| 11:30 – 14:00 | : | Aktiwiteite |
| 14:00 | : | Graad 8's verdaag huis toe |

## GRAAD 8 SWEMUITDUNNE – 13 JANUARIE

Oosie, jy skop jou hoërskoolreis op 13 Januarie af met die swemuitdunne. Bring jou swembroek, jou energie en kom wys ons wat jy in die water kan doen!

**Program vir die dag:**

| | | |
|---|---|---|
| 08:00 | **:** | Meld aan by die skool |
| 09:00 | : | Stap saam met MR na die Tjaart van Vuuren swembad |
| 09:30 – 12:00 | : | Swemuitdunne |
| 13:00 | : | Verdaag huis toe vanaf die skool. |

## ATLETIEKVERKOPE 2026

Ons is reeds besig om voorbereiding te doen vir 2026 se atletiekbyeenkomste. Ons is afhanklik van elke ouer se hulp om van hierdie byeenkomste 'n groot sukses te maak.

Ons benodig ook produkte en hulp van ouers by die stalletjies.

- Skakel vir die volledige skrywe (Brief: Atletiekverkope 2026)

- Skeurstrokie en produkte moet asseblief so gou moontlik maar nie later as **14 Januarie** teruggestuur word nie.

## GRAAD 8 AVONTUURKAMP – 14 TOT 16 JANUARIE

'n Graad 8-avontuurkamp word vir ons leerders gehou om hul inskakeling by die skool te vergemaklik. Ons wil graag dat AL die graad 8-leerders die kamp bywoon.

**Datum : 14 tot 16 Januarie 2026**

Die skrywe vir die kamp is by die onderstaande skakel beskikbaar:

Volg hierdie skakel vir die **Avontuurkampskrywe** met volledige inligting.

## SPORT

### Netbal

**Proewe 2026**

Die netbalproewe vir 2026 vind vroeg in Januarie plaas.

Tydskedule

| Datum | Ouderdom | Tyd |
|---|---|---|
| 13 Jan. | o.15 | 10:00 (eerste rondte) |
| | o.16 | 11:30 (eerste rondte) |
| | o.17 | 13:30 (eerste rondte) |
| | o.18 | 14:30 (1ste, 2de, 3de proewe) |
| 17 Jan. | o.14 | 08:00-11:00 (eerste rondte) |
| 26 /27 Febr. | o.14-o.17 | Finale rondte |

**Registrasie vir proewe**
**Registreer NOU** reeds by die skakel.





















**Oosie-parents give code 201** and the school qualifies for an amount.






**PLANTCARE SERVICES BIED:**

- **Binnenshuise plant-installering en -instandhouding**
- **Tuinontwerp en besproeiing**
- **Plantdekorverhurings**
- **Weeklikse versorging**

Tel: 072 500 2889 / 072 080 7540

Besoek **www.plantcareservices.co.za** vir meer inligting. Stuur 'n e-pos na **info@plantcareservices.co.za** of **plantc@mweb.co.za**

*************************************************************

# SKRYFBEHOEFTELYS – 2026

## ALGEMENE SKRYFBEHOEFTES:

**1 x 'n Behoorlike sterk, stewige skooltas met versterkte afskortings. (GEEN rugsakke sonder afskortings mag as skooltas gebruik word nie)**
1 x Pritt gom
1 x stel Highlighters / Glimpenne (6 kleure)
1 x Skêr
1 x Swart pen
4 x Blou penne
2 x Gewone HB-potlode
1 x Skerpmaker
1 x Uitveër
1 x Pakkie kleurpotlode
1 x 30cm Liniaal
Papier en plastiek om handboeke en skrifte oor te trek
1 x Eksamenblok met gaatjies (lyne)

## GRAAD 8 – **Die graad 8-skryfbehoeftepakket (*werkboeke uitgesluit*) kan by die skool se finansieskantoor aangekoop word teen R730 per pakket.**

| VAK | SKRYFBEHOEFTES | PRYS EN PROJEKKODES |
|---|---|---|
| Afrikaans Huistaal | 1 x 192 bl. hardeband skrif<br>1 x A5 skrif<br>Moet asb. nie skrifte oortrek nie. | |
| English First Additional Language | 1 x 288 bl. hardeband skrif met lyne<br>1 x plastieksakkie vir notas (wat vasknip) | |
| Wiskunde | 2 x 196 bl. Hardeband skrifte met lyne<br>1 x 30 bl. Flip File vir notas<br>1 x Helix Oxford meetkunde stel | |
| Wiskunde vaardighede | 1 x A4 portefeuljelêer | |
| Lewensoriëntering | LO Werkboek | R120<br>P420Naam+Van |
| Natuurwetenskappe | Glimpenne/ kleurpotlode<br>Sakrekenaar<br>Portefeuljelêer  | |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 1 x 72 bl. Skrif<br>EBW Werkboek | R120<br>P409Naam+Van |
| Kuns en Kultuur | Grafietpotlode (HB, 2B)<br>Kniebare uitveër<br>Stel inkleurpotlode<br>Skerpmaker | |
| Sosiale Wetenskappe | 2 x 72 bl. skrifte | |
| Tegnologie | 2 x 72 bl. skrifte | |
| Ingenieursgrafika en -ontwerp | 1 x Helix Oxford meetkunde stel (sien Wiskunde)<br>1 x Flip File (20 sakkies) | |
| Gasvryheidstudies | 1 x 72 bl. Skrif | |

| | | |
|---|---|---|
| | Gasvryheidstudie werkboek<br><br>‘n VOORSKOOT en HOED word benodig vir Graad 8. Dit word gebruik tot Graad 12 tydens praktiese. (**Meer inigting rakende die aankoop en koste van die koksdrag sal nader aan die tyd deurgegee word.)**<br>‘n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese.<br><br>Dit word sterk aanbeveel dat ’n groot genoeg plastiekkrat aangekoop word om dié benodighede in te vervoer tydens praktiese sessies (foto langsaan).  | R120<br>P425Naam+Van<br><br>Plastiekkrat beskikbaar by o.a. Plastilon |

## GRAAD 9

| VAK | SKRYFBEHOEFTES | PRYS EN PROJEKKODES |
|---|---|---|
| Afrikaans Huistaal | 1 x 192 bl. hardeband skrif<br>1 x A5 skrif<br>Moet asb nie skrifte oortrek nie | |
| English First Additional Language | 1 x 288 bl. hardeband skrif met lyne<br>1 x plastieksakkie vir notas (wat vasknip) | |
| Wiskunde | 2 x 196 bl. Hardeband skrifte met lyne<br>1 x Flip File vir notas (30 sakkies) | |
| Wiskunde vaardighede | 1 x A4 portefeuljelêer | |
| Lewensoriëntering | Werkboek | R120<br>P419 Naam+Van |
| Natuurwetenskappe | Glimpenne/ kleurpotlode<br>Sakrekenaar<br>Portefeuljelêer  | |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 1 x 72 Bl. skrif<br>EBW Werkboek | R120<br>P410Naam+Van |
| Kuns en Kultuur | Grafietpotlode (HB, 2B)<br>Kniebare uitveër<br>Stel inkleurpotlode<br>Skerpmaker | |
| Sosiale Wetenskappe | 2 x 72 bl. skrifte<br>1 x Flip File (10 sakkies) | |
| Tegnologie | 2 x 72 bl. skrifte | |
| IGO | 1 x Helix Oxford meetkundestel (sien Wiskunde)<br>1 x A4 Flip File (20 sakkies) | |
| Robotika | Geen | |

## GRAAD 10

| VAK | SKRYFBEHOEFTES | PRYS EN PROJEKKODES |
|---|---|---|
| Afrikaans Huistaal | 1 x 288 bl. hardeband skrif<br>1 x A5 boekie met lyntjies<br>1 x Flip File  (20 sakkies) | |
| English First Additional Language | 3 x 72 bl. Skrifte | |
| Wiskunde | 1 x 288 bl. hardeband skrifte met lyne<br>1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus)<br>1 x Flip File  (20 sakkies) | |
| Wiskundige Geletterdheid | 2 x 196 bl. hardeband skrifte met lyne<br>1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus) | |
| Lewensoriëntering | 1 x Werkboek | R120<br>P421Naam+Van |
| Fisiese Wetenskappe | Doc Scientia werkboek | R460<br>P406Naam+Van |
| Lewenswetenskappe | 1 x 192 bl. hardeband skrif, gradeboog en passer. | |
| Besigheidstudies | 3 x 72 bl. skrifte<br>Besigheidstudies werkboek | R150<br>P429Naam+Van |
| Ekonomie | 1 x Ringbindleêr<br>1 x Eksamenblok | |
| Rekeningkunde | 1 x 72 bl. skrif<br>1 x Flip File (20 of meer sakkies)<br>Ken en Verstaan werkboek | R200<br>P411Naam+Van |
| Gasvryheidstudies | 1 x 288 bl. hardeband skrif<br>‘n Volledige koksdragstel word benodig vir Graad 10. Dit word gebruik tot in Graad 12 tydens restaurantaande en prakties.<br>(**Meer inligting rakende die aankoop en koste van die koksdrag sal nader aan die tyd deurgegee word.)**<br>‘n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese.<br>Dit word sterk aanbeveel dat ‘n groot genoeg plastiekkrat aangekoop word om die benodighede in te vervoer tydens praktiese   (foto langsaan).  | Plastiekkrat beskikbaar by o.a. Plastilon |
| Verbruikerstudies | 1 x 192 bl. hardeband skrif<br>‘n voorskoot, hoed en koksbroek  word benodig vir Graad 10. Dit word gebruik tot en met Graad 12 tydens praktiese.<br>(**Meer inligting rakende die aankoop en koste van die koksdrag sal nader aan die tyd deurgegee word.)**<br>‘n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke  word benodig vir skottelgoed tydens praktiese.<br>Dit word sterk aanbeveel dat ‘n groot genoeg plastiekkrat aangekoop word om dié benodighede in te vervoer tydenspraktiese (foto langsaan).  | Plastiekkrat beskikbaar by o.a. Plastilon |

| | | |
|---|---|---|
| Geografie | 1 x 92 bl. hardeband skrif<br>1 x 360° gradeboog | |
| Toerisme | Toerismewerkboek | R360<br>P418Naam+Van |
| Visuele kuns | **SKILDER/SKETSBENODIGHEDE:**<br>**Grafietpotlode:** 6B, 4B, 2B, HB, 2H<br>**Houtskool:** Kan saamgeperste houtskoolpotlode wees of wilgerhoutskoolstokkies.<br>**Pastelle:** Oliepastelle – pak van 24<br>**Ink:** Swart balpuntpen<br>Klein houer stempel-ink (olie-vry)<br>**Verf:** Akrielverf in die volgende kleure: blou, geel, rooi, wit, swart, prussian blou (minimum 75 ml houer verf)<br>**Uitveër:** Kniebare uitveër<br>**Kwasse:** Sagte borselkwasse:<br>- 3 vierkantige kwasse: klein, medium en groot<br>- 3 ronde kwasse: klein, medium en groot<br>- 1 klein kwas vir fyner werk<br>- 1 waaierkwas<br><br>Canvas: 1 x A3 Canvas (box canvas of canvas bord)<br>Palet<br>Fixative: Artist's fixative OF haarsproei (aerosol tipe)<br>Monteerbord 2 x monteerborde ('mounting board')<br><br>**SKRYFBEHOEFTES:**<br>Skrif 1 x 72 bladsy skrif<br>**OPSIONEEL:**<br>Waterverfpalet<br>Canvas pad (word gebruik van gr 10-12) | |
| Ontwerp | **1 x A3 Visuele Dagboek lêer** ( word deur die skool aangekoop, leerders sal Januarie die prys ontvang.)<br>**Maskeer band** ('Masking tape')<br>**Kniebare uitveer** ('kneadable eraser')<br>**Nylon kwassies** – dun en dik (word gewoonlik in gemengde pakke verkoop met verskillende groottes)<br><br><br>**Waterverfstel** (die buisies werk nie so goed soos dié wat klaar in die pan is nie)<br><br>**Grafietpotlode** – HB, 2H, 2B, 4B | |



| | | |
|---|---|---|
| | **Alkohol merkers/copic markers**<br>*(opsioneel)*<br>**Swart fine liners** – in die dikte 0.5 en 2<br>**Fabriano papier** – word soos benodig vir take aangekoop<br>**Swart Monteerbord (mounting board)** - word soos benodig vir take aangekoop<br><br> | |
| Ingenieursgrafika- en ontwerp | IGO werkboek<br>Tekengereedskapstel<br>Ingesluit in Tekengereedskap stel:<br>* A3 Tekenbord<br>* Passerstel:<br>- Tekenpasser met 0.5mm potlooddrukstukke<br>* Tekenpotlood: 0.5mm Pentel drukpotlood met 0.5mm H-loodjies<br>* ATI / Pentel Click Pen-tipe uitveër<br>* Uitveëplaatjie<br>* 45° driehoek met arseerlyne<br>* 180º gradeboog. 30/60° driehoek met sirkel stensel.<br>* Liniaal<br>Rol maskeerband | Werkboek:<br>R310<br>P404Naam+Van<br><br>Tekengereedskap stel:<br>R1 600<br>Projek 403 |
| Inligtingstegnologie | 1 x 288 bl. hardeband skrif<br>**Nota:** Die skrif word vanaf graad 10 tot 12 gebruik. Elke jaar se inhoud bou op mekaar voort, en daarom het leerders steeds toegang tot die vorige jare se inhoud. | |
| Rekenaartoepassingsteg nologie | 1 x Flip File (50 Sakkies) – Teorie<br>**Nota:** Die skrif word vanaf graad 10 tot 12 gebruik. Elke jaar se inhoud bou op mekaar voort, en daarom het leerders steeds toegang tot die vorige jare se inhoud.<br><br>Opsioneel: Die volgende boeke is 'n hulpmiddel vir die leerders. Die dek die teorie inhoud vanaf gr10-12. Leerders ontvang steeds 'n handboek.<br><br> | R150<br>P426Naam+Van |

## GRAAD 11

| VAK | SKRYFBEHOEFTES | PRYS EN PROJEKKODES |
|---|---|---|
| Afrikaans Huistaal | 1 x 288 bl. hardeband skrif<br>1 x A5 boekie met lyne<br>1 x Flip File (20 sakkies) | |
| English First Additional Language | 3 x 72 bladsye skrifte | |
| Wiskunde | 2 x 288 bl. hardeband skrifte met lyne<br>1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus) | |
| Wiskundige Geletterdheid | 1 x 288 bl. Hardeband skrifte met lyne<br>1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus) | |

| | | |
|---|---|---|
| | 1 x Flip File  (20 sakkies) | |
| Lewensoriëntering | 1 x Lewensoriëntering werkboek | R120<br>P422Naam+Van |
| Fisiese Wetenskappe | 1 x Fisiese Wetenskap werkboek | R465<br>P407Naam+Van |
| Lewenswetenskappe | 1 x 192 bl. hardeband skrif | |
| Besigheidstudies | Besigheidstudies werkboek<br>1 x 192 bl. OF 3 x 72 bl. skrifte | R150<br>P430Naam+Van |
| Ekonomie | 1 x Ringbindlêer<br>1 x Eksamenblok<br>Eksamenwerkboek | R180<br>P414Naam+Van |
| Rekeningkunde | Gevorderde Rekeningkunde werkboek<br>1 x 72 bl. skrif (Indien nie een in 2025 gebring is nie)<br>1 x Flip File (20 of meer sakkies) | R180<br>P412Naam+Van |
| Gasvryheidstudies | 1 x 192 bl.  hardeband skrif<br>'n Volledige KOKSDRAGSTEL* word benodig vir Graad 11.  Dit word gebruik tot Graad 12 tydens restaurantaande en praktiese. (**Meer inligting rakende die aankoop en koste van die koksdrag sal nader aan die tyd deurgegee word.)**<br>'n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke  word benodig vir skottelgoed tydens praktiese.<br>*Indien die bostaande items klaar aangekoop is in Graad 10, hoef dit nie weer aangekoop te word nie. | |
| Verbruikerstudies | 1 x 192 bl. hardeband skrif<br>'n VOORSKOOT*, HOED* EN KOKSBROEK* word benodig vir Graad 11. Dit word gebruik tot Graad 12 tydens praktiese.<br>(**Meer inilgting rakende die aankoop en koste van die koksdrag sal nader aan die tyd deurgegee word.)**<br>'n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke  word benodig vir skottelgoed tydens praktiese.<br>*Indien die bostaande items klaar aangekoop is in Graad 10, hoef dit nie weer aangekoop te word nie. | |
| Geografie | 1 x 92 bl. hardeband skrif<br>1 x 360° gradeboog | |
| Toerisme | Toerismewerkboek | R360<br>P416Naam+Van |
| Ingenieursgrafika-en ontwerp | 1 x IGO werkboek | R310<br>P404Naam+Van |
| Visuele kuns | **SKILDER/SKETSBENODIGHEDE:**<br>**Grafietpotlode:** 6B, 4B, 2B, HB, 2H<br>**Ink:** Swart balpuntpen<br>Klein houer stempel-ink (olie-vry)<br>**Verf:** Akrielverf in die volgende kleure: blou, geel, rooi, wit, swart, prussian blou (minimum 75 ml houer verf)<br>**Uitveër:** Kniebare uitveër<br>**Kwasse:** Sagte borselkwasse: | |

| | | |
|---|---|---|
| | - 3 vierkantige kwasse: klein, medium en groot<br>- 3 ronde kwasse: klein, medium en groot<br>- 1 klein kwas vir fyner werk<br>- 1 waaierkwas<br><br>Canvas: 3 x A3 Canvas (box canvas of canvas bord)<br>Palet<br>Fixative: Artist's fixative OF haarsproei (aerosol tipe)<br>Terpentyn<br><br>**SKRYFBEHOEFTES:**<br>Skrif 1 x 72 bl. skrif<br>**OPSIONEEL:**<br>Waterverfpalet<br>Canvas pad (word gebruik van gr 10-12)<br>A3 *Mounting Boards* vir leerders wat finale kunswerke in 'n sketsmedium voltooi. | |
| Ontwerp | **1 x A3 Visuele Dagboek lêer** ( Word deur die skool aangekoop, leerders sal Januarie die prys ontvang.)<br>**Maskeer band** ('Masking tape')<br><br>**Kniebare uitveer** ('kneadabl eraser')<br>**Nylon kwassies** – dun en dik (word gewoonlik in gemengde pakke verkoop met verskillende grootte<br><br>**Waterverfstel** (die buisies werk nie so goed soos dié wat klaar in die pan is nie)<br>**Grafietpotlode** – HB, 2H, 2B, 4B<br><br>**Alkohol merkers/copic markers** *(opsioneel)*<br>**Swart fine liners** – in die dikte 0.5 en 2<br>**Fabriano papier** – word soos benodig vir take aangekoop<br><br>**Swart Monteerbord (mounting board)** - word soos benodig vir take aangekoop | |
| Inligtingstegnologie | 1 x 288 bl. hardeband skrif (Gr10 – 12)<br>**Nota:** Dieselfde skrif van die vorige jaar word graad 10 tot 12 gebruik. Elke jaar se inhoud bou op mekaar voort, en leerders het dus steeds toegang tot die vorige jare se inhoud. | |
| Rekenaartoepassingstegnologie | 1 x Flip File (50 Sakkies) Teorie<br>**Nota:** Dieselfde Flip File van die vorige jaar word | |

| | | |
|---|---|---|
| | graad 10 tot 12 gebruik. Elke jaar se inhoud bou op mekaar voort, en leerders het dus steeds toegang tot die vorige jare se inhoud.<br><br>Opsioneel: Die volgende boekies is 'n hulpmiddel vir die leerders. Dit dek die teorie inhoud vanaf gr10- 12. Leerders ontvang steeds 'n handboek.  | R150<br>P427Naam+Van |

## GRAAD 12

| VAK | SKRYFBEHOEFTES | PRYS EN PROJEKKODES |
|---|---|---|
| Afrikaans Huistaal | 1 x 288 bl. hardeband skrif met lyne<br>1 x A5 skrif met lyne<br>1 x Flip File (30 sakkies) | |
| English First Additional Language | 2 x 72 bl. | |
| Wiskunde | 2 x 288 bl. hardeband skrifte met lyne<br>1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus) | |
| Wiskundige Geletterdheid | 1 x 288 bl. hardeband skrifte met lyne<br>1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus)<br>1 x Flip File (20 sakkies) | |
| Lewensoriëntering | 1 x Werkboek | R120<br>P423Naam+Van |
| Fisiese Wetenskappe | Doc Scientia werkboek | R 625<br>P408Naam+Van |
| Lewenswetenskappe | 1 x 92 bl. hardeband skrif met lyne | |
| Besigheidstudies | 1 x Besigheidstudies werkboek<br>1 x 192 bl. of 3 x 72 bl. skrifte | R150<br>P431Naam+Van |
| Ekonomie | 1 x Ringbindlêer<br>1 x Eksamenblok | |
| Rekeningkunde | Ken en Verstaan werkboek<br>1 x 72 bl. skrif<br>1 x Flip File (20 of meer sakkies) | R250<br>P413Naam+Van |
| Gasvryheidstudies | 1 x 192 bl. hardeband skrif<br>'n Volledige KOKSDRAGSTEL* word benodig vir Graad 12. Dit word gebruik tydens restaurantaande en praktiese. (**Meer inligting rakende die aankoop en koste van die koksdrag sal nader aan die tyd deurgegee word.)**<br>'n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese.<br>**Indien die bostaande items klaar aangekoop is in Graad 10, hoef dit nie weer aangekoop te word nie.* | |
| Verbruikerstudies | 1 x 192 bl. hardeband skrif<br>'n VOORSKOOT* en HOED* word benodig vir Graad 12. (**Meer inligting rakende die aankoop en koste van die koksdrag sal nader aan die tyd deurgegee word.)** | |

| | | |
|---|---|---|
| | ‘n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese.<br>**Die Antwoordreeks handboek word in Graad 12 gebruik. Dit is beskikbaar by PNA.**<br>**Indien die bostaande items klaar aangekoop is in Graad 10, hoef dit nie weer aangekoop te word nie.* | |
| Geografie | 1 x 92 bl. hardeband skrif<br>1 x 360° gradeboog | |
| Toerisme | Toerismewerkboek | R360<br>P417Naam+Van |
| Ingenieursgrafika-en ontwerp | 1 x Werkboek | R310<br>P404 Naam+Van |
| Visuele kuns | BENODIGHEDE:<br>In gr.12 spesialiseer leerders en besluit in watter medium hul hoofsaaklik wil werk. Daarom besluit leerders self watter materiale om aan te koop. Die leerder kan die onderstaande lys gebruik as riglyn. ‘n Leerder wat nie verf as medium vir finale kunswerke gaan gebruik nie, hoef nie *canvasse* aan te koop nie.<br>Leerders wat gaan skets i.p.v. verf, moet ‘n A3 monteerbord aankoop per finale kunswerk.<br><br>**SKILDER/SKETSBENODIGHEDE:**<br>**Grafietpotlode:** 6B, 4B, 2B, HB, 2H<br>**Houtskool:** Kan saamgeperste houtskool-potlode wees of wilgerhoutskoolstokkies.<br>**Pastelle:** Oliepastelle – pak van 24<br>**Ink:** Swart balpuntpen<br>Klein houer stempel-ink (olie-vry)<br>**Verf:** Akrielverf in die volgende kleure: blou, geel, rooi, wit, swart, prussian blou – (minimum 75 ml houer verf)<br>**Uitveër:** Kniebare uitveër<br>**Kwasse:** Sagte borselkwasse:<br>- 3 vierkantige kwasse: klein, medium, groot<br>- 3 ronde kwasse: klein, medium, groot<br>- 1 klein kwas vir fyner werk<br>- 1 waaierkwas<br><br>**Canvas:** 1 x A3 Canvas (box canvas of canvas bord)<br>**Palet**<br>**Fixative:** Artist’s fixative OF haarsproei (aerosol tipe)<br>**Monteerbord:** A3 monteerborde (‘mounting board’) | |

| | | |
|---|---|---|
| | **SKRYFBEHOEFTES:**<br>Skrif 1 x 72 bladsy skrif<br>**OPSIONEEL:**<br>Waterverfpalet<br>Canvas pad (word gebruik van gr 10-12) | |
| Inligtingstegnologie | 1 x 288 bl. hardeband skrif (Gr10 – 12)<br>**Nota:** Dieselfde skrif van die vorige jaar word graad 10 tot 12 gebruik. Elke jaar se inhoud bou op mekaar voort, en leerders het dus steeds toegang tot die vorige jare se inhoud. | |
| Rekenaartoepassingstegnologie | 1 x Flip File (50 Sakkies) Teorie<br>**Nota:** Dieselfde Flip File van die vorige jaar word graad 10 tot 12 gebruik. Elke jaar se inhoud bou op mekaar voort, en leerders het dus steeds toegang tot die vorige jare se inhoud.<br><br>Opsioneel:<br>Die volgende boekies is 'n hulpmiddel vir die leerders Dit dek die teorie inhoud vanaf gr10 – 12. Leerders ontvang steeds 'n handboek.   | R150<br>P428Naam+Van |